# VOLKSTEM

Nuusblad van die

## Afrikaner Volksparty

*Nr 1:2008*

Dit is met opgewondenheid dat die eerste uitgawe van *Volkstem*, die mondstuk van die *Afrikaner Volksparty*, in aandenkingsformaat aan u gerig word. Soos die Franse filosoof Descartes gestel het: "*Ek dink, daarom ís ek*", kan ons inderdaad van hierdie blad sê: 'dit ís', want daar ís deeglik gedink reeds lank voor die stigting van die *Afrikaner Volksparty* om te verseker dat die *Volkstem* indringend sal spreek tot die Afrikanervolk in die komende jare.

Mag ons *Volkstem* selfs meer waarde vir ons volk inhou as die eerste *De Volkstem*, wat later *Die Volkstem* geword het, en vir soveel jare die enigste nuusblad in daardie tyd was wat Afrikanerbelange gepropageer het vandat dit die eerste maal in 1873 deur *Caxton Drukkery* in Pretoria uitgegee is.

Die insiggewende artikels wat u in die *Volkstem* sal vind, sal u ook in staat stel om u volksgenote behoorlik te kan inlig en bemoedig in die moeilike tyd wat vir ons volk voorlê. As ons almal só die taak wat God aan ons opdra getrou uitvoer, sal daar spoedig uitkoms wees.

*Redaksie*

### KONTAKBESONDERHEDE



| | | |
|---|---|---|
| **Leier** | Mnr D Varkevisser | 083 4603 302 |
| **Onderleier** | Dr SH Gregan | 082 3341 555 |
| **Sekretaris** | Mnr L Schoeman | 083 6506 892 |
| Partynavrae | sekretarisavp@vox.co.za | |


### IN HIERDIE UITGAWE — BL


| | |
|---|---|
| Boodskap van die Leier | -2 |
| Mosie tot stigting | -4- |
| Ons Party sal die weg aandui | -6- |
| Grondbeginsels van die AVP | -8- |
| Verset en Lewe! | -10- |
| Fotobeeld – 6 September | -12- |
| Boekevat | -14- |
| Briewe aan die AVP | -15- |
| Huldeblyk aan president Paul Kruger | -16- |
| 10 Oktober te Kerkplein | -17- |
| Slotwoord | -18- |


**Inligting oor hoe om die *Volkstem* te bekom, is volledig op die agterblad beskikbaar.**

# BOODSKAP VAN DIE LEIER



**Mnr Danie Varkevisser**

**In seker een van die onmagtigste tye van die Afrikanervolk se bestaan, sou dit roekeloos wees om nie indringend na die oorsprong van die onmag te gaan soek nie.**

**As gelowige wat glo dat God die beskikker is van die lotgevalle van alle nasies, moet 'n mens baie ver afgedwaal wees as jy dan nie eerste vra waarom God dan toelaat dat óns van Bloedrivier, Majuba en Magersfontein, nou deur barbaarse heidene in ons eie land onteer, vermoor, onteien en verarm word nie. Menslikerwys as oorwinnaars uit onoorwinbare veldslae, deur Hom gelei, om nou verkneg te word deur 'n nasie wat ongelowig is en sonder die vermoë om hulleself te regeer.**

**Dan antwoord God ons uit sy Woord vanuit Deuteronómium 28 en waarsku dat as ons sy gebooie nie gehoorsaam nie, die vreemdeling wat by ons is, hoër en hoër oor ons sal opklim en ons laer en laer sal afsak. Hy sal die kop word en ons die stert!**

**God gee egter ook die oplossing in dieselfde gedeelte. As ons goed luister om al sy gebooie sorgvuldig na te kom wat Hy ons beveel het, dan sal Hy ons die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. Wat die vreemdeling aanbetref sal ons die kop wees en hy die stert, 'n voorskrif wat natuurlik ook geld vir alle gelowiges.**

**Dat John Vorster van beginsel afgewyk het met die Maori's na die sluipmoord op dr Verwoerd en dat PW Botha daarop voortgebou het en De Klerk en sy kabinet ons uiteindelik verraai het in belang van die Imperiale moondhede se grypsug, is alles waar. As ons egter ná selfondersoek ons passiewe weerstand teen alles waarteen God ons waarsku bemerk, sien ons dan die omvang van ons sondigheid en ellende raak? Kom ons in opstand teen die onreg en bely en laat staan ons ons eie oortredings, of is die waarskuwings uit die Woord van God nie meer vir ons 'n werklikheid nie? Selfs nie eers in die lig van wat ons nou beleef nie?**

**Wanneer die riglyne uit God's Woord en vanuit ons volkswording uit die verlede blote geskiedenis geword het, dit is dan wanneer ons vergeet van president Paul**

**Kruger, generaal Hertzog, dr Malan, advokaat Strydom, dr Verwoerd en andere se vaste vertroue en onwrikbare geloof. 'n Godgebondenheid wat ons die kop en nie die stert gemaak het nie, tot so 'n mate dat ons die wêreld verstom het met die voorspoed en vooruitgang, waarby nie net óns gebaat het nie maar ook die nie-blanke volke, onder die beginsel van afsonderlike ontwikkeling.**

**Dit is dus nie onderhandeling of kompromie, nie kapitulasie voor getalle of internasionale bedreiging, nie ontvlugting of prysgawe van beginsel, waarmee ons ons vryheid sal terugkry nie, maar deur gehoorsaamheid aan God en sy gebod.**

**Laat ons dan teruggaan tot daar waar ons die leisels laat val het en die pad byster geraak het, hetsy deur misleiding, ditsy deur onvoorwaardelike trou aan insiglose leiers wat ons volk se verset aan bande lê deur die onderlinge wantroue en verdeeldheid wat noodwendig 'n uitvloeisel van die afwyk van beginsel verteenwoordig en neerslag vind in integrasie.**

**Samewerking in sake van gemeenskaplike belang, waarin wyle mnre Jaap Marais en Willie Marais ons voorgegaan het, geskoei op die gemeenskaplike beginsel van nasionalisme, werk onderlinge vertroue in die hand oppad na die hegte eenheid wat ons eens gehad het. Kom laat dit wat ons nou met ons oë sien en met ons ore hoor en aan ons lywe voel, ons oortuig dat dít wat in die plek van apartheid gekom het, naamlik integrasie, ontbreek aan die samestelling om te kon voorsien wat deur apartheid daar gestel was en nie kan voldoen aan die verwagtings wat geskep is nie.**

**Daarom begin die Afrikaner Volksparty opnuut, met vaste vertroue en onwrikbare geloof, los van onderlinge wantroue, misleiding en bontpratery, maar op ou beproefde, suksesvol bewese beginsels, in belang van alle volke in Suid Afrika, met die vryheid en soewereine onafhanklikheid van die Afrikaner as ons doel. Daartoe roep ons elke Afrikaner op wat hierin met ons saamstem.**

**Danie Varkevisser**

# Mosie tot stigting van die AVP

Meer as drie en 'n half eeue gelede het ons voorsate met niks en sonder 'n gesamentlike geskiedenis begin. Al wat hulle gehad het was die herinnering aan hul herkoms en die twyfel oor hulle toekoms. Maar tussen hierdie twee uiterstes het die Afrikaner sy droom en sy altaar begin bou. Met smarte en trane, hartseer en opoffering en bloed en sweet gebou - swaar gebou - in geloof gebou - in storms en teen aanslae van die vyand staande gebly.

Hierdie Suid-Afrika is óns Suid-Afrika, ons geliefde vaderland. Dit is hier waar die wieg van ons nasie staan. Dit is hier waar die grafte van ons helde gegrawe is. Dis ook hier waar die son van ons hoop verrys. Ons mag nie teleurstel nie. Ons skuld dit aan die wat vóór ons was en die wat ná ons kom.

Geloof in ons Skepper, geloof in onsself, geloof in ons volk - die dinge wat die mot en die roes nie kon verniel nie en waar die diewe nie kon inbreek en steel nie - dit is die ankertoue van ons volk. Dit is net 'n bestiering dat ons vandag nog hier is. Ons volk het 'n roeping. Die geloof het nog altyd seëvierend gekleef dat ons 'n eie toekoms kan skep – selfs daar waar die Afrikanerliggaam sterwend aan die vyand se kruis moes hang het ons nie hoop verloor nie.

Jarelank was republiekwording slegs 'n gedagte wat in die harte van ons vaders en moeders geleef het. Maar 31 Mei 1961 het gekom. Die dag het aangebreek – die uur het geslaan – en die republiek was 'n werklikheid.

Vandag staan ons hier, nie om twiste aan die brand te steek nie, maar om die harte van ons mense te wen vir 'n nuwe party. Die Afrikaner lê weer op die altaar van verguising. Laat ons hierdie land beskerm met ons bloed – behou en bou met ons hand en bevrug met ons taal.

Laat ons hierdie land verdedig met alles wat ons het. Laat ons die klipgooiers, gifgooiers en dolosgooiers verslaan wat al die jare se werk verniel. Kom ons skep weer ‘n heenkome vir ons volk - ‘n nuwe hemelruim. Kom ons skep ‘n nuwe hoop om voor te leef. Die hoop van blank Suid-Afrika. Kom ons baan ‘n nuwe pad wat weer vryheid sal bring. Al die ander paaie het doodgeloop. Ons het net een land om in te woon – die Republiek van Suid – Afrika. Ons het jou lief bo alles. Ons sal offer wat jy vra, die benarde omstandighede roep u!

Sonder stryd is daar nie lewe nie, geen behoud van ‘n eie identiteit en geen herstel van dit wat ons in 1994 verloor het nie. Ons is nie gebore om geen iemand se slaaf te wees nie. Dit is tyd vir manlikheid, dis tyd om op te staan teen die berowers van ons vryheid. Dis hopeloos om eerste en derde wêreldse volke vredevol saamgevoeg te kry. Die regime weet dit, daarom nou die wreedaardige onderdrukking van die witman. Valse profete belieg die wêreld. Dit het mode geword om die Afrikaner te skel en te vertrap in sy eie land. Aansprake en aanslae word gemaak op ons erfpag. Ons toekoms is bedreig. ‘n Nuwe eeu van onreg wag op ons as ons nie walgooi nie.

Ek glo dit is so beskik om vandag hier saam te wees. Manne en vroue wat die brand in hulle bors voel – met die drif en die drang om in verset te gaan ter wille van ons toekoms. Dit moet noodwendig uitmond in ‘n nuwe organisasie, ‘n party met die potensiaal en beleid wat vir ons staatkundige vryheid kan herwin. ‘n Party om Afrikaners te dien en niemand anders nie. My wil en jou wil en ons staalsterk Boerewil is al wat nodig is. En nimmer as te nooit is die stryd volstry totdat ons weer vry sal wees van vreemde oorheersing nie. Dit alles doen ons vir jou Suid–Afrika.

deur Johan Bekker

20 September 2008



# ONS PARTY SAL DIE WEG AANDUI

**Dr SH Gregan**

Die Afrikaner Volksparty (AVP) is op 20 September 2008 in Kemptonpark gestig toe 'n twintigtal Bittereinders besluit het om tot die groot stap oor te gaan. Na 'n marathon vergadering van bykans nege ure waarin talle sake bespreek is, waaronder die naam en aard van die organisasie, die struktuur, die reglement van orde, die party se eie vlag en embleem beslag gekry het en doelwitte vir die toekoms geformuleer is, is 'n dagbestuur saamgestel en het die aanwesiges moeg maar tevrede uiteengegaan.

As eerste leier is aangewys mnr Danie Varkevisser, 'n sakeman van Kemptonpark en as onderleier dr Sydney Gregan, prokureur van Nylstroom. 'n Dagbestuur van 18 lede is verkies en 'n vergadering is belê vir 18 Oktober 2008 in die Ou Raadsaal op Kerkplein te Pretoria waartoe Afrikaners, wat die grondslag van die party onderskryf, opgeroep is. By daardie vergadering word die party se embleem, vlag en reglement van orde bekendgestel.

Waarom dan 'n nuwe party? Die dagbestuur van die AVP is dit eens dat die situasie in die HNP (waarvan almal voorheen lid was), onhoudbaar geword het. Vir maande lank was daar mense wat, (alhoewel hulle voorgegee het dat gestry word vir die vryheid van die Afrikanervolk), groter ywer aan die dag gelê het om lede aan te val, as die vyand. Dat hulle boonop na persone buite die HNP gesoek het om hulle te help in hierdie optrede, spreek boekdele van hulle motiewe.

Om uit 'n party te bedank waarin leiers soos dr Albert Hertzog, mnre Jaap Marais en Willie Marais was, was geen maklike besluit nie. Inteendeel, dit was een van die moeilikste besluite wat ooit geneem was. Maar dat die ideale van Jaap Marais sal voortleef binne die AVP, daaroor kan daar geen twyfel wees nie. Die AVP staan onwrikbaar by die beginsels wat Jaap Marais en Willie Marais voorgestaan en uitgeleef het. Die AVP sal, anders as die HNP, reguit praat oor sake. En ons sal organisasies wat voorgee om die Afrikanersaak te bevorder, dog eerder die teenoorgestelde aan die hand werk, openbaar vir wat hulle is.

Waar die vyand van die Afrikaner gereed staan om die Afrikaner finaal te vernietig, kan die luukse van innerlike verdeeldheid binne een politieke party allermins bekostig word. Om mede-lede aan te val en te beswadder en bestaande en beproefde beginsels en beleid verdag te maak, eerder as om eendragtig die vyand aan te val, is nie net bedenklik nie, maar fataal. Terwyl ons weet dat soos in die verlede tydens die Idasa komplot, die vyand van die Afrikaner nie sal skroom om vredepraters en *hensoppers* te gebruik om beproefde beginselstandpunte van 'n party te ondermyn nie, kan daar gevolglik ook nie sprake wees van gemeensaak maak met organisasies en partye wat die Afrikaner versaak nie.

Die AVP sal geen *Doublespeak* toepas nie. Ons sal 'n baie duidelike standpunt huldig oor die nuwe bedeling en nie skroom om enige instansie of organisasie wat "hierdie stelsel wil laat werk", in die proses te kritiseer en trouens as vyande van ons volk te beskou nie. Dit sal ons taak wees om deurgaans reguit lyne te trek. Vir die vredepraters, *hensoppers* en dubbelpraters in Afrikanergeledere sal hierdie standpunt 'n steen des aanstoots wees. Laat dit dan so wees. Mnr Jaap Marais het dit dikwels gestel dat 'n Party nie vernietig word deur aanvalle van buite nie, maar deur kleinverraad van binne.

Wat in die eerste ongeveer agt maande van 2008 in die HNP gebeur het, was niks anders nie as verraderlike aanvalle teen beginselstandpunte en beleid van die HNP. Om deurentyd oor jou skouer te kyk watter lid jou gaan aanval of beswadder net omdat jy bestaande beleid onomwonde stel en verdedig, word onuithoudbaar. Daarom het ons nou die HNP agter ons geplaas. Ons kyk vorentoe. Die Romeine het gesê: *Aquilia muscas non capit*. Die AVP sal hom ook nie besighou met beuselagtighede nie.

Laat ons, soos wat Jaap Marais gepleit het, trou sweer aan mekaar vir die beywering van ons volk se soewereine vryheid in ons eie vaderland op die beginselgrondslag soos verwoord in ons Reglement van Orde. Laat ons op die beproefde nasionalistiese beginsels, soos veral verwoord deur mnr Jaap Marais, vryheid in ons eie vaderland ten doel stel en ons veral rig op versetaksies teen die onreg van 'n swart kommunistiese regime. Ons sal die nuwe Grondwet en sy bedrogvolle verkiesings verwerp soos wat dit 'n Afrikanernasionalis betaam.

Senator Barry Goldwater van die VSA, wat bekend was as een van die mees konserwatiewe senators in die VSA se politieke geskiedenis, het gesê dat as 'n vyandelike mag jou wil vernietig en al sy middele daartoe aanwend, hy in 'n staat van oorlog met jou verkeer. In sulke omstandighede sal jy, tensy jy oorgawe bedink, ook in 'n staat van oorlog met hom verkeer. Daarbenewens sal jou doel, tensy jy verraad bedink, soos die vyand s'n wees, om die oorwinning te behaal. Wat besef moet word

is dat die ANC in 'n staat van oorlog met ons verkeer en die huidige grondwet as middel in hierdie oorlog teen die Afrikaner gebruik.

Mnr Jaap Marais het dit baie duidelik gestel dat die Afrikaner nie moet rus totdat die grondwet van hierdie regime in die politieke snippermandjie lê nie. Wat besef moet word is dat vryheid alleen buite hierdie bestel verkry kan word en nie deur foefies soos deelname aan verkiesings nie. Dit is gewoon onhoudbaar om in die een asem te stel dat jy die bestel verwerp, dog in dieselfde asem te stel dat "iets" vir die Afrikaner beding kan word binne hierdie bestel deur deelname aan verkiesings. Daarom sal ons een en elk kritiseer wat enigsins 'n standpunt inneem wat deelname aan verkiesings probeer verdedig, of daaroor "neutraal" wil bly.

Ons doen dit alles terwyl ons weet dat ons in onsself tot niks in staat is nie. Maar met die genade en die krag van ons Hemelse Vader glo ons dat ons geroep is om 'n taak te vervul. Ja, om die roeping van ons volk weer 'n duidelike ster aan die hemel te laat word. Wat Afrikaners sal aantrek en inspireer. Dit is geen geringe taak nie. Maar daartoe is ons meer as bereid!

# GRONDBEGINSELS VAN DIE AFRIKANER VOLKSPARTY

- Ons, die Afrikanervolk, erken in nederigheid die Almag en Oppergesag van die Drie-enige God;
- Ons glo en weet dat die Drie-enige God verskillende volke en daarom ook ons volk in aansyn geroep het;
- Ons glo dat die Drie-enige God die Beskikker van die lotgevalle van alle volke is;
- Ons erken ons swakheid en afhanklikheid voor die Drie-enige God;
- Die Heilige Skrif, die onfeilbare Woord van God, soos dit verstaan en uitgelê is in die Calvinistiese Hervorming waarvan die Afrikanervolk die dankbare erfgename is, vorm die grondslag van ons bestaan en ons stryd;
- Ons erken dat ons voorvaders na geregtigheid vir ons volk en tegelyk vir alle ander volke in hierdie land gestrewe het;

- Ons eer ons heldedom en put inspirasie uit ons volk se heroïese geskiedenis;
- Ons voorvaders se eerbare stryd het vir ons eie onafhanklike soewereine republieke nagelaat waaronder die Republiek van Suid-Afrika van 1961;
- Ons duurgekogte vryheid is deur verraad en bedrog aan 'n godlose kommunistiese regime oorhandig;
- Ons erken nie die ANC/SAKP-regime se gesag oor ons volk nie en beskou hulle as onwettig;
- Ons besef dat daar geen kortpad na vryheid is nie, maar dat dit alleen deur volgehoue stryd herwin kan word;
- Ons besef dat ons vryheid alleen in verset buite hierdie bestel verkry kan word;
- Ons neem nie aan enige verkiesings in terme van hierdie godlose bestel deel nie;
- Ons verwerp die Grondwet van hierdie bestel wat 'n oorlogsverklaring teen ons volk is;
- Ons verklaar dat enigeen wat hierdie Grondwet onderskryf in vyandskap met ons volk verkeer;
- Ons bely dat skeiding van volkere nie 'n bose nie, maar 'n edele beleid was, wat voortspruit uit nasionalisme en ontwerp is om ons volk en ook ander volke se God-gewilde afsonderlike identiteite te handhaaf en te verseker op die basis van soort soek soort en leef en laat leef;
- Ons het daarom geen skuldgevoel oor ons verlede nie, maar 'n selfrespek om onsself te betuig voor ons vyande;
- Ons is deur God se kultuuropdrag aan die mens verplig om aktief deel te neem aan, en te stry vir, ons volk se vryheid;
- Ons sweer trou aan mekaar dat ons nie sal rus voor ons ons vryheid in ons eie vaderland verkry het nie;
- Ons sê dat as jy 'n trotse volk verkneg, word opstand teen die reg sy reg;
- Die stryd wat ons vaders begin het sal woed tot ons sterf of oorwin het.

# VERSET EN LEWE!

## Staan op!

**Dr Sydney Gregan**
**Onderleier**



Dr HF Verwoerd, ons volk se grootste leier, het Afrikanernasionalisme beskryf as ons volk se allesomvattende politieke geloof. Hierdie geloof met as basis die Bybel in die eerste plek en die Voortrekkertradisie van verwerping van kleurgelykheid in die tweede plek, het die Afrikaner aldus dr Verwoerd "onvatbaar" vir die Kommunistiese lewensbeskouing gemaak.

Vandag meer as 60 jaar na hierdie standpunt van dr Verwoerd moet ons vra: Wat het met ons volk verkeerd geloop dat hy wel vatbaar geword het vir al wat 'n vreemde invloed is? Die antwoord is dat deur 'n proses van indoktrinasie en breinspoeling oor baie jare ons volk se sedelike en morele basis afgetakel en uitgerafel is. Ons volk is op sterwe na dood.

Die Kommunis het natuurlik die aanslag gelei. Maar hy het meelopers gevind in eers die liberalis en humanis, maar daarna ook vanuit Afrikanergeledere. In hierdie verband duik die name van die Broederbond, NG-kerkleiding en die NP-leiding sedert John Vorster, onwillekeurig op. Beter bondgenote vir die Kommunis kon daar kwalik wees. Want as twyfel oor jou bestaansreg en jou beginsels vanuit eie geledere uitgespreek word, is die stryd halfpad gewonne.

Vandag vind ons dat Afrikaners hulle kinders in staatskole plaas omdat CVO-skole te "duur" is. Die prys van staatsopvoeding is die sing van 'n afgodslied, die swaai van 'n heksevlag, die miskenning van die Drie-enige God, die aanhang van 'n inhoudslose kultuur en die bevordering van "nie-rassigheid". Ja, die invoer van 'n volksvreemde en volksvernietigende lewens- en wêreldbeskouing. So het ons volk self sy kinders van hom vervreem.

Nasionalisme het vandag vir baie Afrikaners geen betekenis nie. Dat hier en daar vasgehou word aan die volkseie is skrale troos. Nasionalisme is 'n geloof, d.w.s. iets waarin jy kennis het en waarop jy kan vertrou. Dit kan nooit net 'n "gevoel" wees soos wanneer "De la Rey" dan en wan gesing word nie. Net om daarna weer in die "nuwe" Suid-Afrika se sport en vermaak verstrengel te raak nie. Gevoelsopwellinge kom en

gaan, maar nasionalisme bly ewig staan. Dit is ‘n opvatting wat jou lewe moet beheers. Jy voel daaroor goed, selfs wanneer dit met jou volk sleg gaan. Dit is wat nasionalisme onderskei van ideologieë wat kom en gaan. Nasionalisme is geanker in die waarheid van die verskeidenheid wat deur God gewil is; van ‘n roeping wat in daardie God-gewilde geskeidenheid alleen maar tot sy volle reg kan kom - ‘n onwrikbare geloof in die beginsel van leef en laat leef.

Is daar dan nog hoop vir ons volk? Ja, natuurlik. Sing ons dan nie juis in geloof “Ontwaak jy wat slaap en staan op uit die dood” nie? Brand die Voortrekkervlam nie nog daar diep binne in ons harte nie? Roer dit ons nie as ons volk en veral ons kinders geminag word nie? Die antwoord is: Ja, tienduisendmaal ja!

DJ Opperman skryf in Joernaal van Jorik:

**Raak in verset teen hul verowering**

**en bly getrou net aan die ouer staat;**

**miskien moet jy met bloed jou bydrae bring**

**want hul geweld maak ons geweld verraad.**

Weerstand, protes, verset, opstand! Dit is revolusionêre taal in ‘n land wat jou wil laat glo dat ons almal dan “vry” is. Waar elkeen se “regte” dan “erken en respekteer” word. Met ‘n betowerende grondwet en lofsangers wat van “vrede en geluk” praat. Maar verset is ‘n woord wat die nasionalis, te midde van die leuens en die bedrog wat ons moet aanhoor, begeester en oortuig: Dit is vir die nasionalis inderdaad die enigste antwoord en uitweg.

As daar niks oor is om in verset te kom nie, is daar niks meer oor om voor te stry nie. Maar as die roepstem van ons volk jou tot beweging stem, dan is verset inderdaad die wagwoord tot ontwaking uit hierdie doodslaap van ons volk. Verset is die uiting van ‘n nasionalis in verdrukking. Sonder verset in omstandighede soos hierdie, is die skrif vir ons volk aan die muur. Laat ons doen wat ons kan doen binne die raamwerk van die reg om ons te verset teen hierdie onreg wat oor ons gebring is. En ja, as die tyd aanbreek en die stryd groter offers van ons verg, laat ons ook dán doen wat ons moet doen vir ons volk en veral vir ons volk se kinders. Laat ons eers die klein offers bring sodat die offers wat ons volkslied vra, nie vir ons te groot sal wees nie.

Die geloof wat ons besiel, is die geloof in die God van Bloedrivier wat ons volk, as ‘n volk van en vir God, gedra het oor baie jare. Daardie geloof glo ook aan ‘n bestemming

vir ons volk as 'n afsonderlike volk in hierdie land. Sonder daardie geloof as basis, sal ons verset inhoudloos en doelloos wees. En sonder 'n tradisie wat as basis het dit wat die Voortrekker en die Boer uitgeleef het, sal ons toekoms uitsigloos wees.

"Stryd is lewe", was die groot nasionalis Jaap Marais se leuse. Vandag bestaan daardie stryd in die eerste plek uit verset. Verset teen swart barbarisme. Verset teen die onreg wat ons volk wil vernietig. Verset om te kan oorleef in ons eie vaderland. **Ja**, **verset en lewe!**

# IN FOTOBEELD - 6 SEPTEMBER

**Op 6 September 2008 is daar vir die eerste maal deur die te stigte Afrikaner Volksparty hulde gebring aan ons ontslape leier, dr HF Verwoerd. Hierdie huldiging sal deur die aanwesiges onthou word as 'n historiese dag, ook vir die ontstaan van ons nuwe Party wat net daarna op 20 September gestig is.**




Mnr Danie Varkevisser, leier van die Afrikaner Volksparty, het in sy besielende toespraak die nalatenskap van dr Verwoerd uitgewys en die riglyne waarop ons weer volkseenheid sal verkry voorgehou.

Wat dr Verwoerd vir ons nagelaat het was onder andere 'n republiek waarin Blankes saamgesmee was en met 'n sterk militêre en veiligheidsmag toegerus was.

Ook het Suid-Afrika oor 'n dinamiese, selfonderhoudende ekonomie beskik wat bygedra het om weerstand te bied teen sankies, boikotte en internasionale aggressie. Dit het fisiese en geestelike moed saam met die wil om te oorleef in ons volk teweeg gebring.

In teenstelling met toé, is Suid-Afrika nou in 'n toestand van verskeurdheid, korrupsie, misdaad, 'n bankrot ekonomiese stelsel, kapitulasie en geen wil om te oorleef te midde van swart bemagtiging en militêr-geklede barbare nie. Hierdie verval is grootliks veroorsaak deur verraad in ons eie midde wat gelei het tot beginselloosheid wat ons selfs uit ons Godgegewe erfenis uit verraai het, het mnr Varkevisser gesê.



Dr HF Verwoerd het sy parlementêre loopbaan op 3 September 1948 ingelui met 'n indrukwekkende redevoering oor die beginsel van rasseskeiding. Ook was hy 'n voorstander van moedertaalonderrig en het só die swart kinders gevrywaar van volksvreemde onderwys terwyl hy swart ouers groter seggenskap oor hulle kinders se onderwys laat verkry het.

Geskoei op krag uit die Woord, het dr Verwoerd se strewe na blanke eenheid en samewerking tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, die witman homself later laat handhaaf.

Riglyne waarmee die Afrikanervolk weer eenheid sal kry, is om met sekerheid te weet dat ons hier is om te bly maar dan die beginsel van beleid en verset teen alle pogings om daarvan afstand te doen, te moet handhaaf.

Ook sal ons ons krag in die Woord met geloofsvertroue en voortdurende gebed moet soek en nie in onsself nie. Ons sal ons verdeeldheid moet agterlaat deur samewerking en eensgesindheid ivm beginsel en beleid tesame met 'n ingryping in die onderwys en 'n hernude poging tot opvoeding van ons kinders. Ons sal hierdie taak met leeuemoed moet aanpak, selfs wanneer ons die dood in die oë staar.



**Mnr Marten du Preez**

As voorwaarde vir die daarstel en voortbestaan van so 'n bestel, het dr Verwoerd so gestel**:** *"As ons in Suid-Afrika 'n beleid van integrasie sou aanvaar, dan sê ek nieteenstaande alle tierlantyne wat jy daaraan heg op grond waarvan jy belowe dat die Blanke vir afsienbare tyd nog sal heers, sal die Blanke hom op die ou einde nie kan handhaaf nie. Die Blanke sal hom nie kan handhaaf onder enige beleid van integrasie nie".*




In die geskiedenis sal die naam van dr Hendrik French Verwoerd altyd voortleef as die leier wat, toe sy land bedreig was deur onluste en ekonomiese sankies, vas gestaan het as simbool van weerstand uit die wil om te oorleef. Sy moed het hom die legende gemaak vir dié wat hom volg.

# BOEKEVAT

## *Geloof is vaste vertroue*

**Ds HC vd Merwe**



**In Hebr 11: 1 lees ons:** ***"DIE geloof... is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, en 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie."***

In gehoorsaamheid aan die Woord van God, gaan ons in die geloof voort om te doen wat van beginselvaste Afrikaner-nasionaliste verwag word; om vas te staan in ons Christelik-nasionale beginsels, en nie af te wyk agter aanloklike misleidende teorië nie.

God is instaat om elke omstandigheid te verander. Hy red waar geen mens kan help nie; Hy is die almagtige wonderwerkende God.

Die Heilige Gees werk die kragte van die koninkryk van God in ons, en in die lewe van ons volk. Ons is 'n gebonde Geloftevolk omdat God by Bloedrivier die wonderwerk gedoen het, en Hy die opregte gebede van ons vadere verhoor het.

God het aan ons die vermoë gegee, om te onderskei tussen beginsel en gerief, tussen trou en ontrou. God laat ons wegkyk van ons onmag, en toon ons die onbeskryflike grootheid en heerlikheid van sy almag. Dié geloof gee aan ons vrymoedigheid om by God te pleit, om in te tree in die Afrikanervolk se krisis. Hy kan die verloop van die geskiedenis verander; Hy bepaal die lotgevalle van volke en nasies, ook vir die Afrikanervolk.

Die Here sê in Eseg 22: 30 oor Jerusalem: "*Ek het onder hulle 'n man gesoek, wat 'n muur kan bou en voor my aangesig, in die bres kan staan vir die land, sodat Ek dit nie sou verwoes nie; maar Ek het niemand gevind nie.*" Mag die Here dit so beskik in sy groot genade, dat daar uit ons geledere 'n bres geslaan word vir die Afrikanervolk.

Ons land en volk verkeer in 'n geweldige krisis, ons is in 'n stryd om die oorlewing van die Afrikanervolk gewikkel. Wat moet ons doen, wie sal ons red, wat gaan met ons gebeur?

Ons gebed is: "*Bekeer U ons o Here, dan sal ons ons bekeer.*"

Ons moet bid dat God sy Gees oor ons sal laat kom, dat Hy ons sal aanraak en bekeer, sodat ons in waarheid en opregtheid kan bid vir ons land en ons volk, dat ons kragtig in die Gees so sal bid:

*Ontferm U, Here God, ontferm U tog!*
*O Regter, so regverdig en genadig!*
*Al staan ons voor u oordeel, altyd skuldig…*
*Op U barmhartigheid, bly hoop ons nog!*
*In u ontferming, so oneindig groot,*
*vind ons 'n toevlug, wat ons moedverlore*
*beskerming bied in angs en nood.*
*Verhoor ons tog in hierdie bange dae.*

*Laat blyk uit hierdie dank- en bederoep*
*aan ons, aan heel die land, o God van vrede,*
*dat, onverdiend, ons dank- en smeekgebede*
*deur Jesus onse Heiland, veel vermag!*
*Laat blyk dat U die sondeskuld vergeef;*
*bereik u doel in ons met al u slae.*
*Laat blyk dat U, ons God en Vader leef*
*en ewig oor ons waak in welbehae.*

✉

***This is the best news I have heard all year.***
***It is about time that a conservative Afrikaner party stands up to be reckoned with and after hearing Mr Varkvisser speak at the HNP conference in Pretoria, I am convinced he will be an excellant leader.***
***I would be happy to ask my father to campaign for you in Cape Town, we are a very respected family in northern suburbs of Cape Town and will gladly add any value we can.***
***Please send me the bank account for this Party so I can donate some money.***

***God Bless - Juan van Schalkwyk***

# BRIEWE AAN DIE AVP

✉

***Beste AVP,***

***Om te beginnen nog gefeliciteerd met de oprichting j.l. 20 september. De mediaverklaring zal ik plaatsen op www.holland-hardcore.com en hoop dat vele nationalisten in de Nederlanden voor jullie zullen bidden.***

***Dietse kameraden***

✉

***Dankie , hou my asb op hoogte.***

***Gawie de Kock***

✉

***Het julle n kontakpersoon hier in Kaapstad? Waar is die nasionale hoofkantoor en wat is die telefoonnommer?***

***Dankie - Patrick***


✉

***Ons seënbede word u toegewens, ons laat weet al ons vriende.***

***Robert en Marian***

# DIE GELOWIGE VADER VAN SY VOLK

***President Paul Kruger***



**Dr JP Botha**

Ons het op 10 Oktober weer hulde gebring aan een van ons grootste volksvaders, Ter herdenking van sy geboortedag in 1825 dan hierdie huldeblyk wat vir ons vandag net so 'n bron van bemoediging behoort te wees as vir die destydse burgers.

Gedurende die eerste maand van die Tweede Vryheidsoorlog was president Kruger die onwrikbare leier wat soos 'n onbeweegbare rots in die bres gestaan het vir die veiligheid van sy volk in nood. Hy het met onwankelbare geloofsvertroue die Boere-offisiere bemoedig, aangespoor, raad gegee en vermaan om vol te hou en tog nie te swig voor die onregverdige Britse aanslag nie.

Op 22 Maart 1900 het hy aan die mynkommissaris te Ottoshoop, wat tekens van wankelmoedigheid in die stryd begin toon het, getelegrafeer: "Neen,wij moeten nu stryden op dood en leven verder onze zaak aan de hand des Heeren laten." Aan die begin van Februarie 1900 het die Boere-offisiere by Krokodilpoel nie kans gesien om die sterk Engelse troepemag van kolonel Plumer aan te val nie. Toe president Kruger telegrafiese berig daarvan ontvang, laat weet hy vir hulle: "Het schijnt of onze menschen te Krokodilpoel niet op den Heer en op zich zelf vertrouwen, maar op kanonnen en dan gaat het verkeerd. Het spijt mij te zien dat de officieren daar zo zeer wankelmoedig zijn. Lees Ps 33 vanaf vers 7 tot het einde toe in rijm. Daar zegt het de Heere is tegenwoordig en de overwinning ligt niet in die groote macht maar in de hand des Heeren. Lees ook 1 Petrus 5:7 en 8, waar gezegd word, werpt alle uwe bekommernissen op Hem want Hij zorgt voor u. Vers 8 zegt, wees nuchter en waakt want de duivel gaat rond als een briesende leeuw. Dit zijn de woorde des Heeren. Wankeld daarom niet want wie wankeld is een lafaard en bovendien toont hij het vertrouwen in onzen God verloren te hebben."

Aan generaal Snyman en die burgers wat bereid was om Mafeking te beleër, het die President op 6 Mei 1900, toe die krygskanse reeds finaal teen die Republieke gekeer het, getelegrafeer dat as die vyand hul land wou inneem, dit oor hul lyke heen moes geskied. "God zal opstaan tot de strÿd. De Heer weet zijn tyd," het hy gesê en weereens sy toevlug na die Skrif geneem en daaruit hierdie trooswoorde geput, wat hy aan die swaarbeproefde burgers oorgedra het: "Toen Asaf door de Azijriërs omringd was tot aan zijne muuren en toen hij alles wou toegeven en de vyand zijn stad wilde innemen, hetwelk hij niet kon stemmen en hij geheel moedeloos werd, toen kwam de

profeet en zijde hem: 'Vrees niet en de Heer stond op en vernielde de vyand en verloste hem heeltemal."

Alhoewel die Boere se weerstand teen die invalsleer van lord Roberts teen hierdie tyd heeltemal verbrokkel het, het president Kruger nog steeds met vaste vertroue en geloof die burgers en hul offisiere aangespoor om vas te staan, hoe swaar dit ook al sou gaan, en hulle verseker dat die Here op sy eie tyd uitkoms sou skenk. Hy het op 20 Mei 1099 na Lichtenburg aan generaal De la Rey getelegrafeer en gevra dat die Generaal die toespraak wat die President in die Volksraad gelewer het, tog herhaalde male aan die burger moet voorlees, sodat almal hulle kon hoor en sien hoe die bees mag gekry het om die Christene te vervolg sodat laasgenoemde hulself moes 'verneder' en elkeen vir sy eie sondes belydenis voor die Here moes doen. Die President het die burgers verseker dat sodra hierdie 'vernedering' onder die volk plaasvind, die Here aan die bees sou sê: "Tot hiertoe en niet verder," en dan sou die vrede daar wees. Hy het hulle bly verseker dat hy self in hierdie geloof vas staan en vol moed was en die Here se uitkoms spoedig verwag het.

Dit is ons Afrikanervolk se bede en vertroue vandag dat daar weer so 'n leier in sig is om ons in die geloof met volharding saam te bind, te verenig, te bemoedig en aan te vuur in ons stryd teen die vyand wat tans oor ons heers.

## 10 OKTOBER 2008 TE KERKPLEIN, PRETORIA

Die Afrikaner Volkspartylede het op 10 Oktober hulde gebring aan president Paul Kruger, die gelowige leier wat alles veil vir sy volk gehad het. Die herdenking van president Kruger se geboortedag in 1825 word jaarliks deur talle Afrikaners gevier in wie se herinnering hierdie groot staatsman ewig sal voortleef.

Die plegtige seremonie is geopen met Skriflesing en gebed. Daarna is mnr Leon Schoeman aan die woord gestel.

Mnr Schoeman het op 'n treffende wyse die onwrikbare leierskap van president Kruger uitgelig, 'n man wat sy volk voortdurend bemoedig het uit die Woord van God omdat hyself deurentyd op daardie Kragbron staat gemaak het.

President Kruger is vandag steeds 'n voorbeeld van die leier wat die Afrikanervolk tans nodig het om weer vry te word in sy eie vaderland. Meer daaroor in Volkstem uitgawe 2:2008

# SLOTWOORD



**Mnr L Schoeman**
**Sekretaris**

Die stigting van die Afrikaner Volksparty sal in die komende jare gesien word as ‘n waterskeiding in die Afrikanerpolitiek. Saamgebind deur die drang na vryheid in ons vaderland, ‘n liefde vir die eie en die wil om reg te laat geskied aan God se roeping vir die Afrikaner, het manne en vroue deur hierdie oortuigings gedring, tot hierdie belangrike stap oorgegaan.

Die geesdrif en dinamika van hierdie nuwe beweging getuig daarvan dat daar ‘n wil is om op nuwe, kreatiewe wyses leiding te gee aan ‘n volk wat oplossings soek en daadwerklike aksie wil neem om sy status as eienaar van hierdie land te herstel.

Die politieke toneel getuig tans van joiners soos die Vryheidsfront en die Afrikanerbond wat aktief wil meewerk aan ‘nasiebou’. Hulle glo in die werkbaarheid van ‘n veelrassige staatstelsel waar wit deur swart gedomineer en uiteindelik, soos in talle Afrika-lande vóór ons, vernietig sal word. Dan is daar hulle meelopers – diegene wat soetklinkende geluide maak waarmee die ware Afrikaner homself kan vereenselwig. Stellings soos: ‘die vierkleur sal weer wapper’ en andere, spreek tot ons harte, maar as mens dieper kyk dan blyk dit dat hierdie mense ook maar wil meehelp om die ‘nuwe bedeling’ te laat werk.

Ons moet dit duidelik maak: Alleen deur die herstel van die Witman as regmatige eienaar en regeerder van Suid-Afrika kan blywende vrede en stabiliteit vir hierdie land bewerkstellig word. Deur verset teen die onreg wat ons tans beleef: ‘n volk wat hierdie land bewoonbaar gemaak het en beskaaf het, wat skole en kerke, universiteite en stede gebou het, word verneder tot vreemdeling in sy eie land. ‘n Tweedeklas burger wat moet toesien hoe sy volksgenote uitgemoor en verkrag word. Wat in afgryse moet toekyk hoe ‘n kultuurerfenis deur geslagte aan hulle nagelaat vertrap word, wat in die beskuldigdebank geplaas word en skaam gemaak moet word vir sy verlede. Elkeen wat aan hierdie bestel regmatigheid probeer verleen deur aktiewe meewerking aan ‘nasiebou’ of die instandhouding van ‘n regime wat kennelik besig is om volksmoord te pleeg, is self skuldig aan hoogverraad teen sy volk.

Ons heil lê BUITE hierdie bestel. Ons kan nie ‘n toekoms vind deur te aanvaar en ons neer te lê by nuwe omstandighede nie. VERSET moet ons wagwoord wees. Hierin sal die AVP voorloop. Elke volksgenoot word opgeroep om ons hande hierin te sterk.

# STIGTING 20 SEPTEMBER 2008



**Agter:** Mnre Willie Hough; Francois Muller, André Schmidt, Marten du Preez, Danie Varkevisser, dr Sydney Gregan, Leon Schoeman, AF van Wyk.

**Middel:** Mev Annelie Muller, mnr Johan Kritzinger, ds Hennie vd Merwe, mnre Johan Bekker, Henri Malan, Anton vd Westhuizen.

**Voor:** Mev Lizanne Hough met klein Johanna, mev Jeanette Koekemoer, mev Annemarie Varkevisser, mev Bertie Kritzinger, klein Nicholaas vd Westhuizen, mev Carolina vd Westhuizen.

# DAGBESTUURSLEDE SOOS VERKIES OP 20 SEPTEMBER 2008

**Leier: mnr Danie Varkevisser; onderleier: dr Sydney Gregan; sekretaris: mnr Leon Schoeman; mnre Marten du Preez, Johan Bekker, Chris Hough, Willie Hough, Koos Hough, Anton vd Westhuizen, Francois Muller, AF van Wyk, ds Hennie vd Merwe, dr Niel Kriel, mnre Arcas van Rooyen, Johan Kritzinger, Henri Malan, André Schmidt, mev Jeanette Koekemoer.**

# MET DANK AAN ONS ADVERTEERDERS:

Anton van der Westhuizen
PC Maintenance and Services (Pty) Ltd
Tel: +27 12 346 5186
0861 PCM NET (0861 726 638)
Cell: +27 83 445 0252
Fax: 086 614 0330

PCM

ITs all about Service

**Heinz Ateljee**

Verskaffers van verskeie musiekinstrumente en toebehore in Rustenburg en omgewing

**Tel 078 1684 828**

**Bateleur Produksies**

**Khaki-materiaal van hoogstaande kwaliteit.**
**Winter- sowel as somermateriaal.**

**Slegs per rolle beskikbaar. Skakel 082 5502 178**

## OM DIE *VOLKSTEM* TE BEKOM

Die *Volkstem* sal elektronies gratis beskikbaar wees. Stuur asseblief u navraag en e-posadres aan: afrikanervolksparty@polka.co.za

Debietorderhouers en lede sal die *Volkstem* ook gratis ontvang. Doen asseblief aansoek by bg e-posadres.

Prys per spesiale 1e uitgawe: R50

**Kampioen Motor-Ingenieurswerke**

**Ons doen alle voertuigenjins oor tot so goed as splinternuut!**

**Tel 073 1888 797**